

OLEKRANON BURSITIS

Wat is olekranon bursitis

Olekranon bursitis is 'n ontsteking van 'n bursa wat geleë is onder die vel tussen die triseps tendon en die olekranon. 'n Bursa is 'n voggefulde sak wat tussen spiere, tendons, been en vel geleë is en die werking van 'n kussing het. Wanneer 'n bursa ontsteek raak begin dit swel en word dikker. Wanneer die olekranon swel veroorsaak dit pyn en 'n teer knop en kan lyk soos 'n golfbal op die punt van die elmboog.

Wat veroorsaak olekranon bursitis

Herhaalde beserings soos die stamp van die punt van die olekranon op harde voorwerpe kan die bursa laat swel. Infeksie, jig en ander inflammatoriese toestande kan ly tot bursitis. Infeksie kan ontstaan as die vel onderbreek word oor die elmbooggewrig en/of dit mag versprei met die bloedstroom van 'n ander area waar infeksie teenwoordig is.

Wat is die simptome

Pynlike of pynlose geswel oor die punt van die elmboog. Wanneer infeksie teenwoordig is voel die bursa warm en het 'n rooi voorkoms. Dit is ook teer met aanraking.

Hoe word olekranon bursitis diagnoseer

Die chirurg sal dit diagnoseer met fisiese ondersoek. X-strale sal sagte weefsel swelling aantoon en soms tekens van 'n onderliggende probleem soos jigartritis.

Hoe word dit behandel

***Nie-operatief**

Pynlose geswel word behandel deur dophou van die toestand van die bursa, elmboogskerms, anti-inflammatoriese medikasie en ys. Wanneer die swelling erger raak en infeksie in kry word antibiotika voorgeskryf.

***Operatiewe behandeling**

In erge gevalle waar dit nie reageer op konserwatiewe behandeling nie sal die chirurg 'n operasie aanbeveel. 'n Insnyding word gemaak wat oor die punt van die elmboog kurf. Die bursa word identifiseer en verwyder. Die sagte weefsel word gewas met 'n elektroliet oplossing. Steke word gebruik om die wond te sluit. 'n Dik absorberende verband met of sonder 'n spalk word aangewend om die insnyding te beskerm en fisioterapie kan voorgeskryf word om beweeglikheid in die elmboog terug te kry.

Onderliggende probleme soos jig verleng die herstelperiode van die wond.